

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

Nuusbrief

Uit die Hoof se kantoor:



'n Hartlike welkom terug aan alle Wonnie-leerders en -ouers. Ons vertrou dat hierdie kwartaal geken sal wees aan dieselfde positiwiteit en optimisme van kwartaal 1.

Mag elke Wonnie, te midde van die uitdagings wat skool bied, deurentyd voel dat hulle omring word deur die beste mense moontlik om daardie uitdagings te trotseer.

**TEMA 2022:
VOLHARD EN BEHOU HOOP**



8 APRIL 2022

INHOUD

VOORWOORD

AKTIWITEITE

STUDENTE

OPEDAG

RAPPORTE

Vakansie-verrigtinge:

Tydens die vakansie het die Wonnies stééds hard gewerk!



Die Rugbyseuns het na Hoërskool Rob Ferreira gereis om aan 'n toernooi deel te neem. Daar het die seuns die ge-leentheid gekry om hul rugbyvaardighede af te stof, sowel as om nuwes aan te leer! Natuurlik is daar ook hard rugby gespeel en nuwe bande gesmee.

Die Netbaldogters het uitgeblink tydens die Menlopark-netbaltoernooi. Hierdie dames het beslis 'n goeie netbalseisoen wat voorlê! Die Dragonflies het oorwin in 8 van die 11 wedstryde wat hulle gespeel het!

Hoërskool Lichtenburg	17-14
Curro Heuwelkruin	24-12
Hoërskool Merensky	21-19
Linden High School	23-21
Ferrum High School	22-8
Hoërskool Menlopark(2)	22-11
Helpmekaar Hoërskool	20-13



Die Hokkie-bokkies het na Camp Discovery getoer, waar hul die Wonnies se naam hoog gehou het en die hokkiestokke laag. Goeie gesindheid, respek, en waardes is beslis deur hierdie dames getoon!

**WONNIE WINTERSPORT
KOOK!**

Vakansie verrigtinge—Koor:

Die wintersport was nie die enigste aktiwiteite wat die langpad aangedurf het nie! Die Koor het die Sabiepas laat opklink met hul hemelse koorsang!



Studente-uitruilprogram:

Daar is 'n geleentheid vir belangstellende ouers en hul kinders om 'n uitruilstudent uit Europa te huisves vir 3-, 6- of 10 maande. Hierdie leerders se ouerdomme wissel van graad 9 tot graad 11. Indien daar enige belangstelende ouers is, kan mnr. D van Gass gekontak word by:

Epos: danie@yfu.org.za

Tel: +27 82 555 4233



Opedag—13 April:

Op Woensdag, 13 April, besoek die Graad 7-leerders van verskillende laerskole ons skool. Dit behels 'n oggendprogram vir die leerders, sowel as 'n middag- en aandprogram vir die ouers. **Op dié dag, 13 April, sal daar dus nie skool wees vir die Wonnies nie.** Slegs die leerders waarmee gereël is om as helpers op te tree, hoef skool by te woon.



DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM OPEDAG 2022

DATUM: 13 April 2022
TYD: 15:30 – 19:30
DRAG: Skoolklere
REGISTRASIE: Hoofingang
wonnies.co.za



Rapporte en Oueraand:

Volgens die leerderdagboek moes rapporte uitgaan op 8 April. Soos reeds in die vorige nuusbrief aangedui, het die Departement van Onderwys eers die laaste week van die skool, die finale punteverdeling uitgestuur. Daarmee saam is die voorlegging van die punte-skedules ook deur die Departement verskuif na die week van 5-8 April. Volgens wetgewing mag leerders eers hul rapporte ontvang, nadat die punteskedules deur die Departement afgeteken is.

Rapporte sal dus eers op **14 April** uitgaan, waarna die Oueraand op **19 April** (17:00-19:00) sal volg.

Vriendelike groete



Mnr. M lezar
Skoolhoof